# Leemtes in Dooyeweerd se Regsfilosofie



**Prof. L. J. du Plessis:** Lid van die redaksie van Desember 1933 tot Oktober 1937, ondervoorsitter sedert 1955.

EK het reeds tevore in **Koers en** elders aangedui dat die romanistiese reaksie in ons land teen die anglisering van ons reg grotendeels geregverdig is, hoewel dit self in 'n moeras bly rondwoel so lank as nog nie deur kodifikasie 'n menigte onnodige strydpunte uitgeskakel is nie.

Verder het ek te kenne gegee dat ons regspraak (om maar nie van wetgewing te praat nie) en regswetenskap as geheel bederf word deur 'n skroomlike sisteemverwardheid, en ek hoop dat die tyd my nog gegun sal word om dit in besonderhede aan te toon.

In hierdie verband het ek ook aan die hand gedoen dat ons regsdenkery baie sal baat by 'n nadere kennismaking met die regsteorie van prof. dr. H. Dooye-

weerd, soos my kollegas W. A. Joubert en H. L. Swanepoel ook al by geleentheid getuig het.

Nou wil ek op enkele punte opbouende kritiek probeer lewer op die werk van prof. Dooyeweerd self, op die gebied van die regsteorie, soos ek en kollega Stoker reeds tevore gedoen het betreffende ander vertakkinge van wysbegeerte en wetenskap.

Maar vooraf sal ek nog weer Dooyeweerd se werklikheids- en wetenskapsiening stel teenoor dié van Stoker, in die hoop dat hulle deur 'n spoedige en omvattende gesprek tot eenstemmigheid sal probeer kom.

En laat my dadelik inleidend sê dat Dooyeweerd se hele benadering vir my nog te Kantiaans is. Kant vermy die „Ding an sich" en verval in blote aanskouingsvorme en kategorieë van die rede, en wette en imperatiewe van die verstand, afgesien van die sinlike indrukke. Dooyeweerd vermy die substansie en bly steek by wetskringe, modaliteite, indiwidualiteitstrukture, Gegenstände, subjeks-objeksbetrekkings, ens.

By beide mis ek die aanvaarding ook wetenskaplik van die volle tydelike werklikheid as werklik bestaande en werkende vanaf skepping tot voleinding.

Wette, modaliteite en strukture — alles goed. Maar daar is tog iets wat deur die wette bepaal word en op sekere maniere bestaan en fungeer en sus en so gestruktureer is. Wat is dit?

Na aanleiding van Dooyeweerd se „De Analogische Grondbegrippen der Vakwetenschappen", 1954, sou ek sy siening van die werklikheid as wetenskaps-Gegenstand" (Is daar geen Hollandse woord voor nie?) soos volg kortliks wil weergee.

I. Die Vakwetenskappe konsentreer elk op 'n onherleibare sinkern van 'n modale aspek van ons ervaringshorison met die sinkerne van al die ander aspekte as analogiese daardeur bepaalde momente daarin — hierdie modale pekte wat teoreties geabstrakteer word van die volle ervaringshorison in die tyd, is resp. as „de fundamentele wijzen of modi, waaronder wij de tijdelike werkelijkheid ervaren" (bl. 2) dié van hoeveelheid (getal), ruimtelikheid, beweging, energiewerking, organiese lewe, gevoel, logiese onderskeiding, historiese of kulturele ontwikkeling, simboliese betekenis, sosiale omgang, ekonomiese waardering, verder die estetiese, regtelike en morele ervaringsmodi en die van die geloof.

Dit moet dan as fundamentele vakwetenskappe gee: aritmetika, geometrika, kinetika, fisika, biologie, psigologie, logika, historika, linguistiek, sosiologie, ekonomie, estetika, jurisprudensie, etiek en teologie. (Hoewel die sosiologie eintlik nie deur Dooyeweerd hier ingeskakel word nie).

Elk van hierdie wetenskappe behandel alleen 'n spesifieke wetskring van die kosmos met sy wets- en subjeks-objeksaspekte, maar nie konkrete dinge of gebeurtenisse nie.

Blykbaar is die wysbegeerte die totaalwetenskap van die kosmos en dus geen vakwetenskap nie.

II. Daar is egter ook dinkwetenskappe wat die volle indiwidualiteitstruktuur van bepaalde dinktipes bestudeer — hulle is blykbaar ook nie vakwetenskappe nie, maar wetenskappe „wier eigenlijk onderzoekingsveld ligt in typische totaliteits-structuren, die de verschillende ervaringsaspecten overspannen en tot een typisch geheel verbinden" (bl. 1). Hulle behandel dingtipes wat in alle werkkringe gelyklik fungeer as subjek (en objek), maar gekwalifiseer word deur 'n bepaalde leidende wetskring behalwe in die geval van die mens self.

Hieronder kan ons blykbaar noem Plantkunde, Dierkunde, Geskiedskrywing, Grammatika, Maatskappyleer, Ekonomiese Ordeleer, Kunsleer, Regsdogmatiek en Staatsleer, Sedeleer en Ekklesiologie ens., wat resp. gekwalifiseer word deur die biotiese, psigiese, historikale, linguistiese, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese modaliteite.

'n Besondere plek word ingeneem deur die wysgerige antropologie, omdat dit geen kwalifikasie het vanuit 'n bepaalde wetskring nie.

III. Ten derde is daar die eintlike ervaringshorison waarin die dinge konkreet beleef word sonder teoretiese abstraksie.

Sou daar tog nie hiervan ook wetenskaplike kennis moontlik wees nie, nl. in sistematies beskrywende vorm? Sou ons bv. nie in die geval van die menslike geskiedenis hiervandaan terug kan opklim in drie wetenskapstrappe, nl. geskiedbeskrywing, geskiedskrywing en geksiedenisfilosofie en selfs geskiedenisteologie nie?

Hoe dit sy, so ver dit Dooyeweerd se wetenskaplike siening van die kosmos betref, bly ons steek in abstraksie, sonder substansialiteit, behalwe wat betref die beeldsprakige hart van die mens en die worteleenheid van die mensheid in Christus, wat enigsins sweem na 'n vergoddeliking van die mens, omdat die mens daarin in die transsendente oprank.

Hierteenoor is Stoker se skema min of meer soos volg (onthou hierby dat Stoker ook deur die skool van Kant gegaan het, maar veral beïndruk is deur die Fenomenologie, wat 'n soort wesenskou ken).

Hy gaan (ook wetenskaplik) uit van die konkreet geskapene, elk na sy aard: stof, plant, dier en mens (onthou hierby ook die invloed van die Calvinistiese wysbegeerte van Skepping en Openbaring). Hy sowel as Dooyeweerd vergeet blykbaar die engele en die duiwels, maar dit daargelate.

Aan die geskape kosmos onderskei hy vier dimensies, wat agtereenvolgens die een in die ander gefundeer is, nl.:

1. Waardes, as bepaaldhede waaraan dit deel kry na mate van beantwoording aan die wese en bestemming daarvan, elk na sy aard, al dan nie.

2. Gebeurtenisse en produkte in die tyd, met oorsaaklike, historiese en ander verband.

3. Indiwiduele en sosiale struktuurbepalings in alle ryke van die werklikheid — subjektief en objektief.

4. Modaliteite, met sekere wysiginge, soos by Dooyeweerd.

As nie-vakwetenskappe beskou Stoker Teologie en Wysbegeerte. Die vakwetenskappe aanvaar hy ten opsigte van no. 4 hierbo soos by I volgens Dooyeweerd, behalwe dat fisika as stoflike struktuurleer by 3 tuishoort en sosiologie ook; terwyl hy teologie vervang deur godsdienswetenskap, en historika by 2 voeg. By 3 plaas hy verder nog: plantkunde, dierkunde, menskunde in die wydste sin.

By 2 voeg hy alle wordingswetenskappe wat na kousaliteit en teleogie vra, soos genetiese biologie saam met kousale fisika, en geskiedenis, alle wetenskappe inderdaad van alles wat geword het onder die wordingsaspek.

By 1 kom alle wetenskappe wat die gewordene waarderend beskou met die waardeleer self, bv. kunskritiek.

Maar geen wetenskap is in een dimensionele visie uitputbaar nie. Sielkunde kan bv. onder al vier aspekte ressorteer: modaliteit, struktuur, wording en waardering.

Ook die verhouding van voorwetenskaplike en wetenskaplike kennis sien Stoker anders as Dooyeweerd. Alle kennis is vir hom teoreties, en Stoker mis by Dooyeweerd 'n analise van die voorwetenskaplike kennis waar juis die konkrete werklikheid in sy volheid beleef word.

Wat 'n mens van hierdie sieningsverskil tussen Dooyeweerd en Stoker ook mag dink, feit bly dat Dooyeweerd by alle kostelike werk wat hy in die regsfilosofie verrig het, tog deur sy modaliteitsformalisme nie reg dòen aan die volle regswerklikheid nie.

Reeds al sy begripsbepaling van die reg bly steek in die formele, die wyse van werking van die reg, nl. vergelding: As A is, behoort B te wees (vgl. Kelsen en Gurvitch). Maar inderdaad is die vergelding in die ruimste sin maar net 'n modus operandi om 'n sekere regtens bepaalde samelewingsorde in stand te hou; en hierdie orde self word deur Dooyeweerd nie materieel gekwalifiseer nie.

Verder beperk hy die begrip subjektiewe reg tot 'n beskikkingsbevoegdheid oor 'n regsobjek en 'n regsobjek tot die objektivering van 'n ekonomiese waardering en sluit so die persoonlikheidsregte uit, (N.B. nie gelyk aan immateriële goederereg nie!)

Dieselfde soort modaliteitsverenging van die volle menslike handeling kry ons in sy beklemtoning van die psigiese fundering van die wil en die fisiese van kousaliteit.

Die doel is egter nie hier om kritiek op Dooyeweerd uit te oefen nie, maar net om te pleit vir 'n gesaamlike en omvattende gesprek om tot eensgesindheid te kom oor 'n waarlik Christelike Skriftuurlike Wysbegeerte, waarvoor Dooyeweerd meer as iemand op regsgebied die weg gebaan het.

Met die oog daarop gee ek hier kortliks my siening o.a. op bogenoemde punte van Dooyeweerd se regsteorie, met enkele ander skrywers se opmerkinge in dié verband. Terloops verwys ek ook na Aalberse se Thomistiese bespreking van Dooyeweerd se regsteorie in sy proef-

skrif: „Het natuurrecht in de Wijsbegeerte der Wetsidee".

Eers dan sekere beskouinge van Ed. G. Maynez van Meksiko in „Archiv für Rechtsund Sozialphilosophie", no. 1 van 1958, wat merkwaardig ooreenkom met wat ek in 1942 in my „Algemene Regsleer" geskryf het.

Hy sê nl.: „Objekt eines Rechtes ist das was der Berechtigte kraft der Berechtigung tun oder lassen darf. Objekt einer Pflicht ist das was das Subjekt der Zurechnung zu tun oder zu unterlassen verplichtet ist." Dooyeweerd sou hier nie praat van objek nie, maar van inhoud.

Dan, terwyl Dooyeweerd die sinkern van die regsmodaliteit in die vergelding vind, sê hierdie skrywer dat die vorm van die regsoordeel of norm hipoteties attributief-predikatief (of -imperatief) is. Gurvitch praat van attributief-retributief. In elk geval skyn hulle dieselfde te bedoel as Dooyeweerd se vergelding, wat daarop wys dat Dooyeweerd slegs die formele aspek van die reg in sy begrip vat, baie soos Kelsen ook met sy hipotetiese imperatief.

Die aangehaalde skrywer trek ook teen Kelsen op en sluit sy argumentasie teen hom so af: „Das Wesen der rechtlichen Regelung besteht nicht, wie Kelsen behauptet, in der möglichen Verknüpfung einer sanktionierenden und einer sanktionierten Norm, sondern in der notwendigen und reziproken Verbinding einer imperativen und einer attributiven Vorschrift".

In elk geval bly dit alles in die formele hang. Ek sou miskien die materie van die reg wil bepaal as die gedragsreëling wat die noodsaaklik geagte minimum-bestaansvoorwaardes vir die betrokke gemeenskap verseker sover dit langs die weg van vergelding gedoen kan word.

Wat die begrip subjektiewe reg betref, kan ek nie sien waarom dit beperk moet word tot 'n beskikkingsbevoegdheid oor 'n objek, veral nie as die objek slegs ekonomies gefundeer word nie.

Immers as 'n ouer reg het om 'n kind te tugtig, waarom sal dit nie as 'n subjektiewe reg beskou word nie? Die ouer kan tog regsbeskerming aanvra as hy in hierdie bevoegdheid belemmer word. En hier is geen objek nie, altans nie 'n ekonomiese objek nie. Of beteken ekonomies hier vir Dooyeweerd slegs skaars of waardevol? Maar ek sou nie graag 'n vrou se kuisheid as 'n ekonomiese objek wil beskryf nie, hoewel sy sekerlik 'n subjektiewe reg daarop het.

Dan sou ek ook nie die wil wil vereng tot 'n psigiese fundering nie: dit is tog 'n totaalakte van die persoonlikheid. En juridiese kousaliteit is slegs een aspek van 'n totale kousaliteit wat nie maar net fisies gefundeer is nie.

Hiermee hang saam Dooyeweerd se beperking van die natuur- en natuurregsbegrip tot die fisikaliese of altans tot die natuurwetenskaplike. Die etiese is tog ook in die menslike natuur ingeskape, al is dit self van 'n normatiewe aard.

So sou ons kan voortgaan. Maar die idee is nie hier om volledig te wees nie; slegs om die aandag te vestig op punte vir nadere oorweging.

L. J. DU PLESSIS.